6	Hoe ek die Here Jesus ontmoet het:		
7	Hoe Jesus my lewe verander het:		
8	My doop:		
9	My vervulling met die Heilige Gees:		
10	Ander groot gebeurtenisse in my lewe:		
11	Lewenslesse wat Die Here my geleer het:		
12	Passies wat God in my hart gelê het:		
13	My opsomming van die Goeie Nuus / Evangelie.		
14	My doelstelling oor AANBIDDING:		
15	My doelstelling oor GEMEENSKAP:		
16	My doelstelling oor DISSIPELSKAP:		
17	My doelstelling oor BEDIENING:		
18	My doelstelling oor SENDING:		
19	Opsomming van my lewensdoel:		
20			
21			
22			
23			
24			
25			
26			
27			
28			
29			
30			
31			
32			
33			
34			
35			
36			
37			
38			
39			
40			

C: Projekte wat jy moet aanpak

	DATUM:	PROJEKTE	NOTA'S
1			
2			
3			
4			
5			
6			
7			
8			
9			
10			
11			
12			
13			
14			
15			
16			
17			
18			
19			
20			
21			
22			
23			
24			
25			
26			
27			
28			
29			
30			
31			
32			
33			
34			
35			
36			
37			
38			
39			
40			

D: Joernaal- Gesprek met God

	DATUM:	INSKRYWING:	NOTA'S
1			
2			
3			
4			
5			
6			
7			
8			
9			
10			
11			
12			
13			
14			
15			
16			
17			
18			
19			
20			
21			
22			
23			
24			
25			
26			
27			
28			
29			
30			
31			
32			
33			
34			
35			
36			
37			
38			
39			
40			

E: Skrifte- Belangrike Teksgedeeltes

	DATUM:	SKRIFTE	NOTA'S
1			
2			
3			
4			
5			
6			
7			
8			
9			
10			
11			
12			
13			
14			
15			
16			
17			
18			
19			
20			
21			
22			
23			
24			
25			
26			
27			
28			
29			
30			
31			
32			
33			
34			
35			
36			
37			
38			
39			
40			

Modelantwoorde

1

As jy wil weet hoekom jy op hierdie planeet geplaas is moet jy by God begin.

Jy bestaan omdat God wil hê jy moet bestaan. Jy is deur God en vir God geskep - en die lewe sal eers sin maak as jy dit verstaan. Net in God ontdek ons ons oorsprong, identiteit, betekenis, doel, sin en lotsbestel

Jy is vir God gemaak en nie Hy vir jou nie, en die lewe gaan daarom dat jy God sal toelaat om jou vir Sy doeleindes te gebruik, en nie Hom probeer vir jou doeleindes gebruik nie.

Spekulasie of openbaring.

Uit die Woord van God, die Bybel.

Die Bybel verduidelik waarom ons leef, hoe die lewe werk, wat om te vermy en wat om in die toekoms te verwag.

Moderne sielkunde, suksesmotivering, inspirerende verhale (Rolmodelle?)

Deur 'n verhouding met Jesus Christus.

Voor jy verwek is.

Ons verstaan ons lewensdoel alleen deur God se openbaring.

2

Alle aspekte. Elke besonderheid van jou liggaam, Watter natuurlike talente jy gaan hê, die uniekheid van jou persoonlikheid, die presiese tyd van jou geboorte en dood en ook waar jy sou woon.

God het jou geskep sodat Hy jou kan liefhê

Hy het my al gesien en my lewensdae in Sy boek opgeskrywe.

Voordat Hy die wêreld geskep het.

Sodat ons daarin kon leef.

Ons as mense

Dat die kosmos spesifiek ontwerp is met lewe en die mensdom as die doelwit en doel.

Nee, die gemeenskap binne die Drie-Eenheid was algenoegsaam - omdat in en tussen Hulle volmaakte liefde is.

Eers wanneer God die verwysingspunt van ons lewens word.

God het elke detail van jou lewe beplan

3

1. Skuldgevoel 2. Wrewel en woede 3. Vrees 4. Materialisme 5. Behoefte aan goedkeuring.

Herhinnerings

Hulle laat toe dat hul verlede hul toekoms beheer.Hulle straf hulleself dikwels onbewus om hul eie sukses te ondermyn.

Hulle kan jou nie meer seermaak nie tensy jy aan jou wrewel en pyn bly vashou nie. Jy maak jouself deur jou bitterheid seer.

Geloof en liefde.

Jou verhouding met God.

1.Jou lewe het betekenis 2. Jou lewe is veel eenvoudiger 3. Jou lewe het 'n fokus 4. Daar is motivering in jou lewe 5.Jy word vir die ewigheid voorberei.

n Lewe met 'n skerp fokus.

1. Wat het jy met My Seun Jesus Christus gedoen? 2. Wat het jy gedoen met wat Ek jou gegee het?

Lewensdryfkrag

4

1. 'n Wagkamer 2.Kleuterskool 3. Oefenlopie vir die ewigheid.

Dan gaan dit die einde van jou liggaam en jou tyd op aarde wees, maar nie die einde van jou nie.

Jou verhouding met God terwyl jy op die aarde is.

1. Dan begin ons in die lig van die ewigheid lewe 2.Dit bepaal hoe ons elke verhouding, taak en omstandigheid aanpak 3.Hoe nader jy aan God leef, hoe kleiner lyk alle ander dinge 4. Jou waardes verander.

Ons korttermyn denke.

Ons verstand sal nie die wonder en die grootsheid daarvan kan verstaan nie.

Ons behoort oor die dood na te dink aangesien dit ons sal help voorberei op wat uiteindelik met allmal gebeur. Ons moet meer oor die ewigheid dink, nie minder nie.

As jy deur Jesus Christus 'n verhouding met God het.

Om ons vir ons laaste dag voor te berei.

Ewigheidsperspektief

5

n Lewensmetafoor is daardie bewustelike of onbewustelike beeld van die lewe in 'n mens se kop. Dis jou beskrywing van hoe die lewe inmekaar steek en wat jy daarvan verwag. Voorbeelde: Sirkus,mynvled, wipwarit, raaisel,simfonie, reis, dans, rondomtalie, tienspoedfiets, kaartspel.

Meer as wat jy dink. Dit bepaal jou verwagtinge, jou waardes, jou verhoudings, jou doelwitte en jou prioriteite.

1. Die lewe is 'n toets 2. Die lewe is 'n trust 3. Die lewe is 'n tydelike opdrag.

Die hele lewe is 'n toets en ons word altyd getoets. Toetse ontwikkel en onthul karakter. God hou gedurig dop hoe ons op mense, probleme, sukses, konflik, siekte, terleurstelling en selfs die weer reageer.

Geloof word baiekeer deur probleme getoets, hoop deur 'n toets van my hantering van my besittings en my liefde deur mense.

Dan besef ons dat niks in ons lewe onbeduidend is nie en selfs die kleinste insident is vir ons karakterontwikkeling van belang.

Rentmeesterskap beteken dat ons besef dat alles en almal op die aarde besit.

Ons besit eintlik niks op aarde nie. God leen die aarde net vir ons terwyl ons hier is. Dit was God se eiendom voordat ons hier aangekom het, en na ons dood sal God dit weer aan iemand anders leen. Jy geniet dit net vir 'n rukkie.
Geld is 'n toets en 'n trust. God gebruik finansies om ons te leer om Hom te vertrou, en vir baie mense is geld die heel grootste toets. God kyk hoe ons geld gebruik, want Hy toets hoe betroubaar ons is.
Lewensmetafore.

6

1. Dat die lewe in vergelyking met die ewigheid kort is 2) Dat die aarde net 'n tydelike woonplek is.

Vreemdeling, pelgrim, besoeker, reisiger.

Ons identiteit is in die ewigheid en as ons dit besef gaan ons nie meer probeer om alles te hê nie.

Wanneer ons met die wêreld se versoekings flankeer.

God laat toe dat ons baie ongedurigheid en ontevredenheid in die lewe ervaar - verlange wat nooit aan die kant van die ewigheid vervul sal word nie.

n Oorvloedige lewe is nie stoflike welvaart of sukses nie. Dit het niks te doene met stoflike oorvloed nie, en getrouheid aan God waarborg nie sukses in 'n loopbaan of selfs 'n bediening nie.Moet nooit op 'n tydelike kroon konsentreer nie.

Geloofshelde is nie die wat welvaart , sukses en mag in die lewe verkry nie, maar die mense wat hierdie lewe as 'n tydelike opdrag beskou en Hom getrou dien omdat hulle 'n beloning in die ewigheid verwag.

Ons sal wonder hoekom het ons gereken dat tydelike dinge so belangrik was en waarom ons soveel tyd , energie en kommer daarop gemors.

Dit help as ons onthou dat ons nie hier op aarde tuis is nie, en dat ons eers na ons dood werklik huistoe gaan.

Die tydelikheid van aardse dinge.

7

Die einddoel van die heelal is om die heerlikheid (glorie) van God duidelik te maak. Dit is die rede vir alles wat bestaan.

Dit is Wie God is. Dit is die wese van Sy aard, die gewig van Sy belangrikheid, die skittering van Sy luister, die demonstrasie van Sy krag en die atmosfeer van Sy teenwoordigheid. Dis die uitdrukking van Sy goedheid en al Sy ander intrinsieke, ewige hoedanighede.

Alles wat God geskep het weerspieel Sy heerlikheid op een of ander manier.

Ons sien God se heerlikheid die beste inJesus Christus. Hy, die Lig van die wêreld, belig God se glorie. Jesus het aarde toe gekom sodat ons God se heerlikheid heeltemal kan verstaan.

Om tot God se eer te leef.

Wanneer dit sy doel vervul.

1. Deur Hom te aanbid 2. Deur soos Christus te word 3. Deur ander gelowiges lief te hê 4. Deur ander met ons gawes te dien 5. Deur ander van Hom te vertel.

Aanbidding is 'n lewensstyl van 'n behae in God, liefde vir Hom, en om ons aan Hom te gee sodat ons vir Sy doeleindes gebruik kan word.

1. Glo dat God jou liefhet en vir Sy doel gemaak het 2. Glo dat jy geen toeval is nie 3. Glo dat jy gemaak is om vir altyd te lewe 4. Glo dat God jou gekies het om 'n verhouding met Jesus te hê, Jesus wat aan die kruis vir jou gesterf het 5. Glo dat God jou vergewe.

Die heerlikheid van God.

8

Dit was nie vir God nodig om jou te skep nie, maar Hy wou jou vir Sy eie behae skep.

Jou eerste doel behoort te wees om God behae te gee en vir Sy behae te leef.

Alles wat jy doen om God te behaag is aanbidding.

Elke deel van 'n kerkdiens is aanbidding: gebed, Skriflesing, Sang, Bieg, Stilte, Lluister na die preek, aantekeninge maak, offergawes, doop, nagmaal ens.

Aanbidding het niks te doene met 'n lied se styl of volume of tempo nie. God hou van alle soorte musiek

Dan het jy vir die verkeerde rede gegaan om te aanbid. Aanbidding is nie vir jou nie - dis vir God.

Tradisie in aanbidding rraak God se hart nie aan nie, maar eerder passie en toewyding.

Jy kan enige bedrywigheid in aanbidding omskep as jy dit doen om God te prys, te verheerlik en te behaag.

Deur alles te doen asof jy dit vir Jesus doen, en gedurig met Hom gesprekke voer terwyl jy dit doen.

Aanbidding

9

Ons eerste lewenstaak is om God te behaag en dit is ons belangrikste taak om vas te stel hoe.

1. Wanneer ons Hom volledig liefhet 2.Wanneer ons Hom ten volle vertrou 3. Wanneer ons Hom heelhartig gehoorsaam 4.Wanneer ons Hom gedurig dank en prys 5. Wanneer ons ons vermoens gebruik

God het jou gemaak sodat Hy jou kan liefhe, en Hy wil baie graag he jy moet Hom terug liefhe.

Volle vertroue in God beteken dat jy vertrou dat Hy weet wat die beste in jou lewe is.

Dit beteken dat jy alles doen wat God vra, en sonder bedenkinge en aarseling. Jy stel nie uit nie en jy se nie jy gaan eers daaroor bid nie.

Uit oombliklike gehoorsaamheid. Sommige bevele sal ons nooit verstaan as ons hulle nie eers gehoorsaam nie. Gehoorsaamheid sluit begrip oop.

Dis ongehoorsaamheid.

Ons moet lof aan God offer vir wie Hy is en wat Hy gedoen het.

Elke genieting word 'n aanbiddingsdaad wanneer jy God daavoor bedank.

Om God te behaag

10

Aanbidding is die natuurlike reaksie op God se wonderlike liefde en genade. Ons gee onsself aan Hom - nie uit vrees of pligsgevoel nie, maar uit liefde.

Ware aanbidding gaan daarom dat jy jouself aan God gee.

Hoe beter mens besef hoeveel God jou liefhet, hoe makliker word jou oorgawe.

Hy sê Hy het jou lief; Hy sien jou altyd; Hy bemoei Hom met elke besonderheid van jou lewe; Hy gee jou die vermoë om plesier te geniet; Hy het goeie planne vir jou lewe; Hy vergewe jou; Hy is liefderik en geduldig met jou.

Ons wil nie erken dat ons maar net skepsels is, en oor niks beheer het nie. Die begeerte - vir volkome beheer - veroorsaak die meeste stres in ons lewens.

Wanneer jy God vertrou om dinge te laat werk, eerder dat jy probeer om mense te manipuleer,jou agenda af te dwing, en die situasie te beheer. Verhoudings is die beste bewys of 'n hart oorgegee is. As jy oorgegee het, druk jy ander mense nie uit nie, dring jy nie op jou regte aan nie,en is jy nie selfsugtig nie.

Vrede, vryheid en God se mag in jou lewe.

Jyself - jou eie wil, hardkoppige trots en persoonlike ambisie.

Daardie besluit word dikwels getoets.

Oorgawe.

11

Geen rituele, seremonies of godsdiens nie maar net 'n eenvoudige, liefderyke verhouding tussen God en ons.

Ons het nou regstreekse toegang tot God die Vader.

Sy vriende.

Om Hom te soek.

Alles wat jy doen kan "tyd met God" wees, as Hy genooi word om 'n deel daarvan te wees, en jy van Sy teenwoordigheid bewus bly.

Dis nie om te verander wat jy doen nie, maar om jou houding teenoorwat jy doen te verander. Wat jy normaalweg vir jouself doen, begin jy eerder vir God doen.

Waar jy op hierdie oomblik is.

Om na te te dink oor God se Woord, wie Hy is, wat Hy gedoen het en wat Hy gesê het.

As jy die gewoonte kweek om die hele dag deur aan Sy Woord te dink.

Kommunikasie met God.

12

Jy moet leer om jou gevoelens eerlik met Hom te deel, Hom te vertrou wanneer Hy jou vra om iets te doen, om te gee vir die dinge waarvoor Hy omgee,en Sy vriendskap bo alles te wil hê.

Ons besef dat God alles vir 'n goeie doel in ons lewens gebruik en ons nie meer kwaad vir God is oor ons voorkoms,agtergrond, onbeantwoorde gebede,vorige seerplekke en ander dinge nie.

Vertel God presies hoe jy voel,soos talle mense in die Bybel gedoen het.

Jy moet nie jou emosies terughou nie.

Elke keer dat jy God se wysheid vertrou en doen wat Hy sê,al verstaan jy dit nie,word jou vriendskap met God sterker.

Gehoorsaamheid is 'n voorwaarde vir intiemheid met God.

Aanbiddingsdade wat God raaksien is klein dingetjies wat ons uit liefderyke gehoorsaamheid vir hom doen.

So naby as wat jy wil wees.

Dit is God se manier om ons uit geestelike letargie los te skud.

Eerlike verlange na God.

13

Akkuraat; Opreg; Nadenkend; Prakties.

Op die waarheid van die Woord en nie op ons menings oor God nie.

God kyk verby ons woorde na die houding in ons hart.

Dis ware aanbidding wanneer jou gees op God reageer, nie op musieknote nie. Sommige sentimentele, introspektiewe liedere belemmer trouens aanbidding omdat hulle die kalklig van God wegdraai en eerder op ons gevoelens konsentreer.

As aanbidding sielloos is is dit betekenisloos.

Dit kos dat ons afsien van ons selfgerightheid. Dit kos inspanning en energie.

Oksimoron

Naturaliste; Gevoelsmense; Tradisionaliste; Askete; Aktiviste; Versorgers;geesdriftiges; Peinsers; Intellektuele.

Dis die een wat jou liefde vir God die opregste verteenwoordig,op grond van die persoonlikheid wat God jou gegee het.

Eenvoudige opregte hart voor God.

15

In die area van verhoudings met ander mense.

Wanneer ons in God glo word God ons Vader, ons word Sy kinders en die kerk word ons geestelike familie.

n Mens moet glo in Jesus Christus.

Aardse verwantskap is tydelik en broos - geestelike verwantskap is veel hegter en dis ewig.

1. Ons gaan ewig met God wees 2. Ons gaan volkome soos Christus word 3. Ons gaan van alle pyn, ellende en dood verlos word 4. Ons gaan beloon word en posisies van diens kry 5. Ons gaan in God se heerlikheid deel.

Dis onskatbaar, suiwer, permanent en beskerm.

Die doop simboliseer jou deelname aan die gemeenskap van God se ewige familie.

1. Dit verklaar jou geloof 2.Maak jou deel van Christus se begrafnis en opstanding 3. Simboliseer die afsterwe van die ou lewe 4. Kondig jou nuwe lewe in Christus aan. 5. Vier jou insluiting in God se familie.

Dat jy moet glo.

Identifikasie met Christus se Liggaam.

14

Die diepste vlak van aanbidding is wanneer ons God ondanks pyn steeds prys, Goed tydens 'n beproewing bedank, Hom vertrou wanneer ons in versoeking kom, oorgee terwyl ons ly en Hom liefhet wanneer Hy afsydig lyk.

Die donker nag van die siel; Bediening van afwesigheid; Bediening van die nag; Winter van die hart.

Deur ongehoorsaamheid, botsing met ander mense, inmengery, vriendskap met die wêreld en ander sondes.

Dit toets ons geloof - gaan ons God steeds liefhê, vertrou, gehoorsaam en aanbid, al voel jy Sy teenwoordigheid gladnie, en al is daar geen sigbare bewys van Sy werk in jou lewe nie.

God is altyd teenwoordig, selfs wanneer ons nie van Hom bewus is nie, en Sy teenwoordigheid is te diep om aan blote emosies te meet,

Dat ons Hom vertrou. Geloof behaag God, nie gevoelens nie.

1. Vertel God presies hoe jy voel 2. Konsentreer op Wie God is - op Sy onveranderlike aard 3. Vertrou dat God Sy beloftes sal nakom 4.Onthou wat God reeds vir jou gedoen het.

1.Dat Hy liefderyk en sorgsaam is 2. Dat Hy tot alles in staat is 3. Dat Hy die besonderhede van my lewe dophou 4. Dat Hy in beheer is 5. Dat Hy 'n plan vir my lewe het 6. Dat Hy my sal red.

Die grootste rede vir aanbidding is dat God se Seun vir ons gesterf het.

God is by my al voel dit nie so nie.

16

In liefde kan ons die meeste soos God wees.

Sodat ons liefdesvaardighede kan ontwikkel.

Die lewe gaan eintlik oor verhoudings.

Die wet van God gaan oor liefde.

Liefde laat 'n erfenis.Hoe jy ander mense behandel,is die grootste uitwerking wat jy op aarde kan hê, en nie jou rykdom of prestasies nie.

Een van die maniere waaraan God geestelike volwassenheid meet is die gehalte van jou verhoudings.

Hoe meer tyd jy aan iets bestee, hoe meer wys jy hoe belangrik en waardevol dit vir jou is.

Aandag met fokus.

Want jy weet nie hoe lank jy nog die geleentheid gaan hê nie.

Liefde

17

Die kerk is 'n liggaam nie 'n gebou nie;'n Organisme , nie 'n organisasie nie.

As jy van die lewensbloed van 'n plaaslike liggaam afgesny word sal jou geestelike lewe verskrompel en oplaas nie meer bestaan nie.

1. Dit bewys dat jy 'n ware gelowige is 2. Dit red jou van selfgesentreerde isolasie 3. Dit help jou om geestelike gespierdheid te bou 4. Christus se liggaam het jou nodig 5. Jy sal in Christus se missie in die wêreld deel 6. Dit help jou om nie afvallig te word nie.

Ons kan net deur gereelde kontak met gewone, onvolmaakte gelowiges ware gemeenskap leer.

Dit is 'n valse en ongetoetsde heiligheid. Isolasie skep agterbaksheid; Dis maklik om onsself te laat glo ons is volwasse as niemand ons kan uitdaag nie.

Jou plaaslike gemeenskap is die plek wat God vir jou toegewys het om jou gawes te ontdek, te ontwikkel en te gebruik.

God het aan ons as individuedie verantwoordelikheid gegee om mekaar op die regte spoor te hou.

God het die kerk geskep om jou vyf grootste behoeftes te bevredig: 'n doel waarvoor jy kan leef, mense met wie jy kan leef, beginsels waarvolgens jy kan leef, 'n beroep om uit te leef en krag om van te leef.

Kerkgangers kyk vanaf die kantlyn toe,lidmate raakby die bediening betrokke. Kerkgangers is verbruikers,lidmate is bydraers.

Die Kerk.

19

1. Eerlikheid 2.Nederigheid 3. Hoflikheid 4. Vertroulikheid 5. Gereelde byeenkomste.

Omdat hulle nie konflik wil hê nie.

Dan groei ons nader aan mekaar deur ons verskille na vore te bring en op te los.

Verwaandheid, selfingenomendheid en hardkoppige trots.

Deur jou swakhede te erken; Geduldig met ander mense se swakhede te wees; Vir regstelling oop te wees; Die kalklig op ander mense te draai.

God plaas sulke mense in ons midde vir hulle en ons voordeel. Hulle bied 'n geleentheid vir groei en toets die gemeenskap.

Ons verhouding tot God maak die grondslag van ons gemeenskap uit:Ons is 'n familie.

Dit veroorsaak altyd seerkry en verdeling en vernietig gemeenskap.

1. Egtheid 2.Wedersydsheid 3. Simpatie 4. Genade 5. Eerlikhed 6. Nederigheid 7. Hoflikheid 8. Vertroulikheid 9. Gereeldheid.

Gedragsreëls vir gemeenskap.

18

Om die lewe te deel.

1. Mense ervaar egtheid 2. Mense ervaar gemeenskaplikheid 3. Mense ervaar meelewendheid 4. Mense ervaar genade.

Ons is almal meer konsekwent in ons geloof wanneer ander saam met ons loop en ons aanmoedig. Die Bybel beveel onderlinge toerekenbaarheid, onderlinge aanmoediging,onderlinge diens en onderlinge eerbetoon.

Meelewendheid beteken nie dat 'n mens raad gee of vinnige oppervlakkige hulp aanbied nie; dit beteken dat jy ander se pyn ervaar en deel.

1. Die behoefte dat iemand verstaan 2. Die behoefte dat jou gevoelens bevestig word.

1. Gemeenskap waar ons deel 2. Gemeenskap waar ons God se Woord saam bestudeer 3. Gemeenskap van diens 4. Gemeenskap van lyding.

Dis 'n plek van genade waar foute nie ingevryf word nie,maar uitgevee word. Daar is gemeenskap wanneer genade die oorhand oor geregtigheid kry.

Vergifnis is om die verlede los te laat. Vertroue het met toekomstige gedrag te doen.

Aanmoediging en toerekenbaarheid.

Die kleingroep.

20

n Stukkende gemeenskap is 'n skandelike getuigskrif teenoor ongelowiges.

Vrede maak beteken nie om konflik te vermy nie en is ook nie 'n paaibeleid nie.

1. Praat met God voordat jy met die persoon praat 2. Neem altyd die inisiatief 3. Simpatiseer met hul gevoelens 4. Bely jou aandeel in die konflik 5. Val die probleem aan en nie die persoon nie 6. Werk soveel as moontlik saam 7. Beklemtoon versoening eerder as 'n oplossing.

Konflik kom daarvandaan dat ons nie bid nie en dat ons selfsugtige begeertes het wat binne in ons woed.

1. Luister eers na mense se gevoelens 2. Begin met simpatie,nie met oplossings nie 3. Moenie mense probeer oortuig dat hulle anders moet voel nie 4. Luister net na hulle en laat hulle emosioneel ontlaai 5. Moenie verdedigend wees nie.

Jy moet begin deur jou eie sondes of foute te bely.

Dit verminder die ander persoon se woede en kaats sy aanval af.

Emosie kernwapens is dinge soos veroordeling, verkleinering, vergelyking, etikettering, belediging, neerbuiging en sarkasme. Ons moet dit nie gebruik nie en dit aftakel.

Versoening lê die klem op die verhouding terwyl 'n oplossing op die probleem konsentreer. Wanneer ons die klem op versoening laat val raak die probleem minder belangrik en selfs miskien irrelevant.

Konflikhantering

21

Dan word die hart uit Christus se Liggaam uitgeruk.

1. Lê klem op wat ons in gemeen het, nie op ons verskille 2. Wees realisties met jou verwagtinge 3. Moedig eerder aan as om te kritiseer 4. Moenie na skinderstories luister nie 5. Be-oefen God se metode vir die beslegting van 'n konflik 6. Ondersteun jou geestelike leiers

As ons daarop konsentreer om mekaar lief te hê en God se doelwitte te vervul , is harmonie die gevolg.

Ons moet nie die kerk verlaat nie maar die probleem oplos want versoening is die pad na 'n sterker karakter en dieper gemeenskap. Weghardloop help niks.

1. Ek verloor my gemeenskap met God 2. Ek stel mye eie trots en onsekerheid ten toon 3. Ek stel myself bloot aan God se oordeel 4. Ek doen die gemeenskap van die kerk skade aan.

God sê dan is jy 'n opstoker.

1. Gaan wys die persoon tereg waar julle eenkant en alleen is 2. As hy nie luister nie, neem nog een of twee met jou saam 3. As hy steeds nie luister nie neem dit na die gemeente

Ons moet hulle gehoorsaam en aan hulle onderdanig wees.

1. Hulle moet argumente vermy 2. Hulle moet die oortredende party sagkens onderrig 3. Hulle moet bid dat hulle sal verander 4. Hulle moet strydlustiges waarsku 5. Hulle moet vir harmonie en eenheid pleit 6. Hulle moet die betig wat nie respek vir die leierskap het nie 7. Hulle moet onrusstokers na twee waarskuwings uit die kerk verwyder.

Kerkeenheid

22

1. Ons is geestelike wesens 2. Ons is intellektuele wesens 3. Ons is op verhoudings ingestel 4. Ons het 'n morele bewustheid.

Die New Age filosofie verkondig die leuen dat onsgoddelik is of gode kan word. Die begeerte om 'n god te wees blyk in ons wanneer ons probeer om ons omstandighede, toekoms en die mense om ons te probeer beheer.

Op stil en onopsigtelike maniere en baiekeer is ons nie eers daarvan bewus nie.

1. Ons moet al ons ou maniere van dinge doen prysgee 2. Ons moet ons denkwyse verander 3. Ons moet die karakter van Christus aanneem deur nuwe Godvresende gewoontes te ontwikkel.

1. God se Woord gee ons die waarheid wat ons nodig het vir groei 2. God se mense gee ons die steun wat ons vir groei nodig het 3. Ons omstandighede bied die omgewing waar ons kan oefen om soos Christus te wees.

Geestelike volwassenheid is nie 'n afgesonderde en individuele bedrywigheid nie. Daar moet mense om jou wees,en julle moet in wisselwerking wees. Ware geestelike volwassenheid beteken dat jy moet leer om soos Jesus lief te hê, en jy kan dit nie oefen and jy nie met ander mense kontak het nie.

Geestelike volwassenheid is nie vinnig of outomaties nie; dit is 'n geleidelike, progressiewe ontwikkeling wat die res van jou lewe lank gaan vat.

God stel meer belang in wat jy is as wat jy doen.

Hy het gesterf sodat ons meer soos Hy kan wees voordat Hy ons hemel toe neem.

Heiligmaking

23

Geestelike groei kos 'n doelbewuste verbintenis.

Niks gee so duidelik vorm aan jou lewe as die verbintenisse waarop jy besluit het nie.

Ons kan soos Christus word deur dieselfde soort keuses as Christus te maak en op die Heilige Gees staatmaak om ons te help om die keuses te vervul.

Met die Heilige Gees.

Dit is jou eie verantwoordelikheid om dit met "vrees en bewing" te ontwikkel. Dit beteken dat jy dit ernstig moet opneem.

Om jou lewe te verander moet jy jou denkwyse verander.

Jou eerste stap in geestelike groei is om anders te begin dink.

1. Ons moet nie onvolwase denke van selfgesentreerdheid en selfsugtigheid hê nie 2. Ons moet volwasse begin dink en die klem op ander mense eerder as jouself begin plaas.

Om aan ander te dink maak die hart van Christus-agtigheid uit en dit is die beste getuienis van ons geestelike groei.

Geestelike groei

24

Die Bybel is veel meer as 'n gids tot doktrine. 1. Dit skep lewe en geloof 2. Dit veroorsaak verandering 3. Dit skrik die duiwel af 4. Dit bring wonderwerke voort 5. Dit genees seerplekke 6. Dit bou karakter 7. Dit verander omstandighede 8. Dit gee vreugde 9. Dit oorbrug probleme 10. Dit laat versoeking wyk 11. Dit gee hoop 12. Dit stel krag vry 13. Dit maak ons gedagtes skoon 14. Dit bring dinge tot stand 15. Dit waarborg ons toekoms vir ewig.

1. Ons moet die Woord se gesag aanvaar 2. Ek moet die waarheid inneem 3. Ek moet die beginsels toepas.

Besluit dat wanneer God sê jy moet iets doen , jy God se Woord sal vertrou en dit doen, of dit nou sin maak of nie, en of jy nou lus voel om dit te doen of nie.

1.Ontvang 2. Lees 3. Navors 4. Onthou 5. Oordenk.

Jy moet bietjie na jou eie gesindheid kyk en veral bedag wees op trots want as jy nederig en ontvanklik is kan God deur selfs die verveligste leraar met jou praat.

Dan bly jy binne hoorafstand van God se stem.

1. Help jou om versoeking te weerstaan 2. Help jou om goeie besluite te neem 3. Dit help jou om stres te verminder 4. Help jou om vertroue te bou 5. Dit gee jou goeie raad 6. Help jou om jou geloof met ander mense te deel.

Bybelstudie word waardeloos as ons dit nie in werking stel nie.

God se Woord onthul ons motiewe, wys op ons foute, spreek ons sondes aan en verwag dat ons moet verander.

Bybellees

25

1. Hy gebruik dit om ons karakter te bou 2.Hy gebruik dit om ons nader aan Hom te bring 3.Probleme dwing ons om God op te soek eerder as om op onsself te vertrou.

Omdat God se heerskappy die botoon voer is ongelukke net insidente in God se plan vir jou.

Ons hoop moet nie gevestig wees op positiewe denke, wensdenkery of optimisme nie, maar op die waarheid dat God volkome in beheer van ons heelal is, en dat Hy ons liefhet.

God se plan vir ons lewens behels alles wat met ons gebeur - ook foute, sondes en seerkry. Dit sluit siekte, skuld, rampe, egskeiding en die dood van geliefdes in.

Dit beteken nie dat alles in die lewe goed is nie, maar dat God daarin spesialiseer om die beste daarvan te maak.

Elke probleem is 'n geleentheid om karakter te bou, en hoe moeiliker dit is, hoe groter is die potensiaal om geestelike spiere en morele krag te bou.

1. Onthou dat God se plan goed is 2. Wees verheug en gee dank 3. Moet nooit tou opgooi nie.

Dan is daar 'n kortsluiting in die proses wat ons groei vertraag en oplaas is die eindresultaat pyn.

Jy weet jy word volwasse wanneer jy God se hand in lukrake, verwarrende en skynbare sinnelose lewensomstandighede sien.

Probleemhantering

26

Versoeking is Satan se grootste wapen om jou te vernietig, maar God wil dit gebruik om jou te ontwikkel.

Elke keer as jy besluit om die regte ding te doen eerder as om te sondig, groei jy in Christus se karakter.

Dis dieselfde as die vrug van die Gees: Liefde, vreugde , vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing.

Deur jou toe te laat om omstandighede te ervaar waar jy in die versoeking sal wees om juis die teenoorgestelde karaktertrek te openbaar

God leer ons om lief te he deur onaangename mense om ons te plaas. Hy leer ons vreugde te midde van hartseer. Ons leer God se vrede as Hy chaos en verwarring toelaat.

1. Satan identifiseer 'n begeerte in jou 2.Satan werk twyfel in jou 3. Oeverblindery 4.Ongehoorsaamheid.

1. Weier om ge-intimideer te word 2.Herken jou versoekingspatroon en wees reg daarvoor 3. Vra God se hulp.

Dis nie sonde om in versoeking te kom nie. Versoeking word net 'n sonde as jy daarvoor swig.

Moenie dat dit jou laat skrik of skaam laat voel nie. Beskou dit as Satan se afleidingstaktiek en hanteer dit onmiddellik deur dadelik weer jou aandag op god te vestig.

Versoekings

27

Want God belowe om nooit meer op jou skouers te plaas as wat jou innerlike krag kan behartig nie.

1. Fokus op iets anders 2.Se vir 'n Godvresende vriend of steungroep dat jy sukkel 3. Weerstaan die duiwel 4. Besef hoe kwesbaar jy is.

Elke keer as jy 'n gedagte uit jou kop probeer wegjaag, dring dit jou geheue dieper binne. Deur dit te weerstaan versterk jy dit in der waarheid. Die vinnigste manier om 'n versoekingsgedagte te neutraliseer is om op iets anders te fokus.

Versoeking begin deur jou aandag te trek. Dis veel beter om 'n versoeking te ignoreer as om dit tromp-op te loop.

As ons versoekings werklik wil verslaan moet ons ons gedagtes beheer en ons media-blootstelling monitor.

Moet dit nie onderdruk nie - bely dit eerder.

Ons steek ons foute uit trots weg Ons wil he ander mense moet dink alles is onder beheer. Alles waaroor jy nie kan praat nie is reeds in jou lewe buite beheer.

Hy/hulle kan jou aanmoedig en ondersteun, vir jou bid, jou onvoorwaardelik liefhe en sorg dat jy toerekenbaar bly.

Hy redneer beter as ons - hy doen dit al duisende jare lank. Ons kan hom nie met ons logika of mening bluf nie.

Oorwinningspad

28

Hy moet ons harte eers sag maak aangesien ons hom baiekeer teenstaan as Hy ons roep.

Ons gee gewoonlik net soveel oor as wat ons op daardie oomblik kan verstaan.

Dissipelskap is die proses waardeur ons met Christus in ooreenstemming kom.

1. Ons leer maar stadig 2. Ons moet baie dinge afleer 3. Ons is bang om die waarheid oor onsself nederig te aanvaar 4. Groei is dikwels pynlik en skrikwekkend 5.Dit kos tyd om gewoontes te ontwikkel.

Op die oomblik van bekering het jy steeds ou gewoontes, patrone en praktyke wat verwyder en vervang moet word.

Ons sal eers daarvan begin werk maak as God toegelaat word om die lig van Sy waarheid daarop te laat skyn.

Daar is net een manier om die gewoontes van 'n Christelike karakter te kweek: jy moet oefen, en dit vat tyd.

1. Glo dat God in jou lewe werk, al voel jy dit nie 2, Hou dagboek van die lesse wat jy geleer het 3.Wees geduldig met God en jouself 4. Bly vasbyt.

Ons moet onthou dat God nooit haastig is nie, maar dat Hy altyd betyds is.

Deursettingsvermoe

29

Wanneer jy ander mense op enige manier dien, dien jy eintlik vir God en vervul jy een van jou doele.

Ons dien God nie uit skuldgevoel of vrees of selfs pligsgevoel nie, maar met vreugde en diep dankbaarheid vir wat Hy vir ons gedoen het.

Ons liefderyke diens aan ander mense bewys dat ons waarlik gered is.

Elke Christen is in die bediening en nie net predikante en pastore of sendelinge nie.

Hy los ons hier om Sy doel te vervul. God het vir ons 'n bediening in die kerk en 'n sending in die wereld.

Sodat jy jou opdrag om ander gelowiges te dien op praktiese maniere te kan uitvoer.

Daar is geen verband tussen bediening se grootte en die belangrikheid daarvan nie. Elke bediening maak saak, want ons steun op mekaar om te kan funksioneer.

Ons leer die betekenis van ons lewens ken deur ons bediening.

Die belangrikste is nie hoe lank jou lewe geduur het nie, maar hoeveel jy daarvan skenk. Nie hoe lank jy geleef het nie, maar hoe jy geleef het.

Diensbaarheid

30

Hy het presies beplan hoe jy Hom moet dien, en toe het Hy jou vir daardie take gevorm. Jy is wat jy is omdat jy vir 'n bepaalde bediening gemaak is.

Niks wat in ons lewens gebeur is onbeduidend nie. God gebruik alles om jou vir jou bediening aan ander mense te vorm, en vir jou diens aan Hom.

1. Sielsgawes 2. Hart 3. Aanleg 4. Persoonlikheid 5. Ervaring (SHAPE)

Dit is spesiale vermoëns wat God net aan gelowiges gee sodat hulle Hom kan dien.

Jy het jou sielsgawes nie vir jou eie voordeel gekry nie, maar vir ander mense se voordeel.

Hart beskrywe ons begeertes, hoop, belangstellings, ambisies, drome en emosies. Dis die bron van al ons motiverings - wat ons die heel graagste doen en waarvoor ons die meeste omgee.

Jy moet jou belangstellings nie ignoreer nie. Dink aan hoe hulle vir God se glorie ingespan kan word.

1. Geesdrif 2. Doeltreffendheid

n Lekker lewe is nie goed genoeg nie, en op die ou einde bevredig dit nie. Reik eerder uit na die beter lewe deur God so te dien dat dit jou hartsbegeerte uitdruk.

Pasgemaak vir God se diens

31

Argitekte, bakkery, balseming, bstursvermoë, boerdery, bootbou, borduurwerk, filosofie, gravering, houtwerk, kleremakery, kuns, leierskap, lekkergoed maak, messelwerk, musiek, naadlwerk,onderwys, ontwerp, plant, redevoering, seilvaart , skilderkuns, skryf, soldaat wees, tuinmaak, uitvindery, werkope, visvang, wapenvervaardiging.

1. Gee God krediet vir die vermoë 2. Gebruik jou onderneming om andere se behoeftes te bevredig 3. jou geloof met ongelowiges te deel. 4. Gee 'n tiende van die wins aan God as 'n aanbiddingsdaad. Wees 'n Koninkrykbouer eerder as 'n weeldebouer.

Die vermoëns wat ons het is 'n goeie aanduiding van wat God wil hê ons moet met ons lewens doen. Dis leidrade om jou te vertel wat God van jou wil hê.

Maak karre reg, onderhandel die beste transaksies vir kerk aankope; doen tuin-uitleg; organiseer liassering; ontwerp kuns, programme en geboue; bied gesondheidsorg; berei maaltye; komponeer liedere; gee musiekonderrig; Skryf toelaagvoorstelle; rig spanne af; doen navorsing vir preke; vertaal preke.

Ekstroverte; Introverte; Roetine mense; mense wat van rondspring hou; Denkers; gevoelsmense; Vurige mense; driftige mense; Melancholiese mense

Gesinservarings; Opvoedingservarings; Beroepservarings; Geestelike ervarings; Bedieingservarings; Pynlike ervarings.

God gebruik pynlike ervarings die meeste om jou op jou bediening voor te berei.

Die ervarings wat jy in jou lewe die meeste verwens of berou, die wat jy eerder wil wegsteek en vergeet is die wat God wil gebruik om ander te help. As jy wil hê God moet hulle gebruik moet jy hulle deel.

Jy moet nie jou pyn mors nie. Gebruik dit om ander mense te help.

Aangelê vir God se werk.

32

1. Jy raak gefrustreerd 2. Jykry net beperkte resultate 3. Dit mors jou tyd, talent en energie.

Jy begin dien en toets verskillene bedienings uit,en dan ontdek jy jou talente. Gawes en natuurlike talente word altyd deur ander mense bevestig.

Wanneer jy by 'n bediening betrokke raak.

Dis 'n naweek wat jy stilstaan en kyk hoe God in die belangrike oomblikke van jou lewe gewerk het. Dan dink jy na oor oe Hy die lesse wil gebruik om ander mense te help.

Dan voel ons dit as stres aan.

1. Ons vergelyk ons bediening dan dalk met ander mense s'n 2.Jy probeer jou bediening by ander mense se verwagtinge laat aanpas.

Hulle sal jou kritiseer en wil sorg dat jy inval by wat hulle reken jy behoort te doen. Ignoreer hulle.

Jy gaan dit verloor.

Ja. Deur dit oefen.

Bedieningsidentifikasie en ontwikkeling

33

Ons dien God deur ander te dien. God bepaal hoe groot jy is deur hoeveel mense jy dien, nie hoeveel jou dien nie.

Sonder 'n dienaar se hart gaan jy in die versoeking kom om jou wese vir persoonlike gewin te misbruik

1. Hulle stel hulleself vir diens beskikbaar 2. Hulle skenk aandag aan behoeftes 3.Hulle doen hulle beste met wat hulle het.4. Hulle doen elke taak met ewe veel toewyding 5.Hulle bly hul bediening getrou 6. Hulle bly op die agtergrond.

Jy is nie 'n ware dienaar as jy net dien wanneer dit vir jou gerieflik is nie. Ware dienaars doen wat nodig is, alis dit ongerieflik.

Dan verbeur jy jou reg om jou rooster te beheer en dat jy God toelaat om dit te onderbreek wanneer Hy wil.

Jy kan begin deur jou oë oop te hou vir klein takies wat niemand anders wil doen nie. Doen die dingetjies asof dit sommer groot dinge is, want God hou dop.

Omdat hulle reken dat hulle nie goed genoeg vir diens is nie. Dis 'n leuen.

Jy gaan nooit in die lewe so belangrik word dat jy nie met nietige takies kan uithelp nie.God gaan jou nooit van die alledaagse verskoon nie.

Dienaars hemel hulleself nie op of sorg dat almal hulle raaksien nie.

Dienskneg wees.

35

Gewoonlik ontken, verdedig, verskoon, verskuil en verwens ons ons swakhede.God wil ook ons swakhede tot Sy glorie gebruik.

Jou swakhede is nie per ongeluk nie. God het hulle doelbewus in jou lewe toegelaat om Sy krag deur jou duidelik te maak.

n Swakheid is nie 'n sonde of 'n ondeug of karakterfout wat jy kan verander nie. Dit is enige beperking wat jy geerf het en nie kan verander nie.

1. Wie God is (U is die Christus) 2. Wie jyself is (Ons is maar net sulke mense soos julle)

Van my geloof in God se goedheid.

1. Hulle veroorsaak dat ons op God vertrou 2.Hulle sorg dat ons nie arrogant word nie 3. God gebruik dit om ons ego's onder bedwang te hou 4.Dit hou ons in toom sodat ons nie te vinig beweeg en voor God uit hardloop nie 5. Dit moedig ook gemeenskap tussen die gelowiges aan.

Met weerloosheid

Hy het openlik gepraat oor die volgende: 1. Sy mislukkings 2. Sy gevoelens 3. Sy frustrasies 4.Sy vrese

In plaas daarvan om jou as vol selfvertroue en onoorwinbaar voor te doen, moet jy jouself as 'n trofee van genade beskou.

Rol van swakhede in ons lewe

34

1. Hulle dink meer aan ander as aan hulleself 2.Hulle dink soos bestuurders, nie soos eienaars nie 3. Hulle dink aan hulle werk, nie aan wat ander mense doen nie 4.Hulle grond hulle identiteit op Christus 5.Hulle beskou bediening as 'n geleentheid en nie as 'n plig nie.

1. Ons wil dat hulle van ons hou 2. Ons wil bewonder word 3. Ons wil ons eie doelwitte bereik 4. Ons wil mense manipuleer 5. Ons dink hoe edel en wonderlik onsself is 6. Ons wil dit gebruik om met God te onderhandel.

Omdat ek uiteraard selfsugtig is - dis waarom nederigheid 'n daaglikse stryd is. Ons kan ons dienaarshart meet aan hoe ons reageer as ander mense ons as dienaars behandel.

Geld

1. Ons speel in dieselfde span 2. Ons moet God laat goed lyk, nie onsself nie 3. Ons het almal verskillend opdragte gekry 4. Ons is elkeen uniek. 5. Wanneer jy dien het jy nie tyd om krities te wees nie.

1. Hulle kla nie daaroor nie 2. Hulle verwens nie mense daaroor nie 3. Hulle vertrou God en bly dien. 4. Hulle verdedig hulleself nie teen kritiek nie.

Omdat hulle onthou dat hulle in genade liefgehe word en aanvaar is. Daarom aanvaar hulle met graagte take wat onsekere mens as "benede hulle" sal beskou.

Slegs wanneer jy jou waarde en identiteit op jou verhouding met Christus grond en dan eers kan jy ander mense die beste dien.

Die mense wat geleer het om te dien.

Diensknegsgesindheid

36

n Bediening is in Christus se Ligaam, en sending is in die wereld.

Jesus se sending op aarde is nou ons sending, want ons is die Liggaam van Christus.

1.Om Hom lief te he 2. Om deel van Sy familie te wees 3.Om soos Hy te word 4.Om Hom te dien 5.Om ander van Hom te vertel.

1. Jou sending sit Jesus se sending op aarde voort 2.Jou sending is 'n wonderlike voorreg 3. Die heel beste wat jy vir ander kan doen is om hulle te vertel hoe hulle die ewige lewe kan kry. 4. Jou sending is van ewige belang 5.Jou sending gee betekenis aan jou lewe 6. God se rooster vir die einde van die wereld hou me die voltooiing van ons sending verband.

Die groot opdrag is: Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense My dissipels: doop hulle in die naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. Die opdrag is aan elke volgeling van Jesus gegee, nie net pastore en sendelinge nie. Dis jou opdrag van Jesus en is nie opsioneel nie.

Omdat dit 'n invloed uitoefen op die ewige lotsbestel van mense.

Jesus sal nie terugkom voordat almal wat volgens God se plan die Blye Boodskap moet verneem, daarvan gehoor het nie.

Ons moet ons eie agenda agterlaat en God se agenda aanvaar.

Dan moet ons omgee vir die dinge waarvoor Hy omgee. Waarvoor Hy die meeste omgee is die redding van die mense wat Hy gemaak het.

Sending

37

1. Ons getuienis 2. Ons lewenslesse 3. Ons Goddelike passies 4. Die Blye Boodskap.

1.Ongelowiges beskou predikante as professionele verkoopslui 2. Dis makliker om persoonlike aansluiting by 'n lewensverhaal te kry as by 'n preek 3. Lewensverhale trek ons aandag en behou dit langer 4. Dit omseil intellektuele verdedigingsmeganismes.

1. Hoe my lewe gelyk het voordat ek Jesus ontmoet het. 2.Hoe ek besef het dat ek Jesus nodig het 3. Hoe ek my lewe aan Jesus toevertrou het 4.Die verskil wat Jesus in my lewe gemaak het.

1. My mislukkings 2. 'n Gebrek aan geld 3. Pyn of depressie 4. Toe ek moes wag 5. Tydens siekte 6.Met terleurstellings 7. Van familie,kerk, verhoudings, studiegroepie en kritici.

1. Om nuwe kerke te stig 2. Om gesinne te versterk 3. Bybelvertalings te befonds 4. Christenleiers op te lei 5. Om 'n bepaalde groep met die Evangelie te bereik.

Die Blye Boodskap is dat wanneer ons vertrou dat God se genade ons red danksy wat Jesus gedoen het, word ons sondes vergewe, kry ons 'n rede om te lewe, en word ons 'n toekomstige tuiste in die hemel belowe.

Dat ons moet leer om mense lief te hê soos God hulle liefhet.

1. Jy kan hulle kerk toe nooi 2. Jy kan jou storie vertel aan hulle 3. Jy kan hierdie boek vir hulle gee 4. Jy kan hulle vir ete uitneem 5. Jy kan elke dag vir hulle bid.

1. Om 'n lid van Sy familie te wees 2. Om 'n model van Sy karakter te wees 3. Om Sy glorie te vergroot 4. Om 'n bediener van Sy genade te wees 5. Om 'n boodskapper van Sy Blye Boodskap te wees.

Persoonlike getuienis

39

1. Jy moet God met jou hele hart liefhe (aanbidding) 2. Jy moet jou naaste liefhe soos jouself (bediening) 3. Gaan maak dissipels (evangelisasie) 4.Doop hulle (gemeenskap) 5. Leer hulle (dissipelskap)

1. Deelname aan 'n kleingroep 2. Gereelde be-oordeling van jou geestelike gesondheid 3. Neerskryf van jou vordering in 'n joernaal 4.Alles wat jy leer aan andere oor te dra.

1. Aanbidding 2. Gemeenskap 3. Karaktergroei 4. Bediening 5. Sending.

n Joernaal is nie 'n dagboek van gebeure nie, maar 'n rekord van lewenslesse wat jy nie sal wil vergeet nie.

God gebruik probleme om al vyf ons lewensdoelwitte te vervul

Ons is dit aan die toekomstige geslagte verskuldig om getuienis te lewer van hoe God jou gehelp het om Sy doele op aarde te verwesentlik.

Ons sal die beste vorder as ons die dinge wat ons reeds geleer het aan ander mense kan deurgee.

As ons die doel van die lewe verstaan is dit ons verantwoordelikheid om dit aan ander mense oor te dra. God wil he jy moet Sy boodskapper wees.

God wil he ons moet nie net ons lewensdoele uitleef nie, maar ons moet ander help om dieselfde te doen. Ons moet mense aan Christus bekend stel, hulle deel van Sy gemeenskap maak, hulle help om volwasse te word, hulle help om hulle diens te ontdek en hulle dan uitstuur om ander mense ook te help.

Lewensbalans

38

Wereldse christene wil 1. Persoonlike bevrediging van God he 2.Hulle is gered maar selfgesentreerd 3.Hulle gebede draai om hulle eie behoeftes, seeninge en geluk 4.Hulle wil God vir hulle doeleindes gebruik eerder as dat hulle vir Sy doeleindes gebruik word.

Wereldklas christene 1. Weet hulle is gered om te dien 2.Hulle weet hulle is vir 'n sending gemaak 3.Hulle ontvang graag 'n persoonlike opdrag 4. Hulle is opgewonde oor die voorreg om deur God gebruik te word.

Ons belangrikste versperring le in hoe ons dink. As ons wereldklas christene wil wees moet ons perspektief en houdings verander.

1. Verskuif van self-gesentreerde denke na ander-gesentreerde denke 2. Verskuif van plaaslike denke na globale denke 3.Verskuif van "hier-en-nou" denke na ewige denke 4. Verskuif van verskonings na skeppende maniere om jou opdrag uit te voer.

Die maklikste manier is om vir bepaalde lande te begin bid.

1. Geleenthede om getuienis te lewer 2. Die moed om te praat 3. Vir die wat wil glo 4. Vir die vinnige verspreiding van die boodskap 5.Vir meer werkers.

n Korttermyn sending projek sal jou hart laat swel, jou visie verbreed, jou geloof groter maak, jou mededoe versterk en jou met nuwe vreugde vul.

Hy bedoel dat jy die geld wat God jou gee moet gebruik om mense na Christus toe te bring.

1. Om te aanbid 2.Om verhoudings te bou 3. Om soos Christus te word 4. Om te dien 5. Om God se sending in die wereld uit te voer.

Sending

40

1. Identiteit (Wie is ek) 2. Belangrikheid (Maak ek saak) 3. Impak (Watter plek het ek in die lewe)

1. Dit som God se lewensdoele vir jou lewe op 2. Dit dui die rigting van jou lewe aan 3. Dis jou omskrywing van "sukses" 4. Dit sal jou rolle verhelder 5. Dis 'n verklaring wat jou wese uitdruk.

1. Wat gaan die kern van my lewe wees? 2. Wat gaan die karakter van my lewe wees? 3. Wat gaan my lewe se bydrae wees? 4. Wat gaan die kommunikasie van my lewe wees? 5. Wat gaan die gemeenskap van my lewe wees/

Die aanbiddingsvraag is vir wie jy gaan lewe en waaromheen jy jou lewe gaan bou.

Die diens-vraag is wat jou bediening in die Liggaam van Christus gaan wees.

Die gemeenskapsvraag is hoe jy jou verbintenis tot ander gelowiges en jou verband met God se familie gaan bewys?

Dit is van sekondere belang. Die belangrikste is dat jy God se ewige doelstellings vervul, maak nie saak waar jy lewe of werk of met wie jy trou nie.

1. Het jy Jesus die kern van jou lewe gemaak? 2. Het jy Sy karakter aangeneem? 3. Het jy jou lewe aan diens teenoor ander gewy? 4. Het jy Sy boodskap oorgedra en Sy sending voltooi? 5.Het jy Sy familie liefgehad en was jy deel daarvan?

Dawid het die mense van sy tyd gedien. Dawid het sy lewe daaraan gewy om God se doel op aarde te vervul.

Lewensfokus